

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V1

(TEORIE)

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE [10 punte]****Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.****1. (Ken 'n maksimum van 2 punte per kolpunt/aspek toe.)**

- 1.1.1 Op die agtergrond van die tekstielontwerp is daar verskeie drywende, plat, organiese, biomorfiese **fatsoene** wat 'n mens herinner aan die fatsoene wat deur 'n lawalamp geskep word.☑ Voor hierdie fatsoene is skildagtige of blaaragtige fatsoene wat onderling met mekaar verbind is, wat 'n vertikale, kettingagtige, herhalende patroon vorm wat 'n treffende tekstielontwerp skep.☑

Daar is verskeie **kleure** in die tekstiel wat duidelik, helder en opvallend is.☑ Die warm, suiwer magenta oorheers die ontwerp en gee daaraan 'n vreugdevolle, vroulike of retro-kwaliteit.☑ Koel blou, groen en pers kontrasteer met die warm magenta pienk wat 'n opwindende en lewendige ontwerp skep.☑ Die insluiting van die neutrale kleure, wit en swart, voeg kontras en klem by die ontwerp.☑

Die ontwerp weerspieël sterk wit cloisonnistiese buitelyne.☑ Hierdie wit buitelyne skei die fatsoene op die voorgrond van die plat agtergrond en skep 'n sterk opvallende kontras.☑ Die wit kontoerlyne skep 'n vertikaal vloeiende, kromlynige beweging.☑ Binne die blaaragtige fatsoene beweeg spits lyne horisontaal en vertikaal, wat 'n dekoratiewe kwaliteit by die ontwerp voeg.☑

'n Dinamiese **ritme** word geskep deur die herhaling van die lewendige pienk, blou en groen kleure.☑ Die herhaalde spits lyne op die voorgrond skep 'n optiese beweging en 'n dinamiese ritme.☑ Die herhaling van die organiese patroon op die agtergrond en die voorgrond dra ook tot die ritmiese kwaliteit van die ontwerp by.☑

- 1.1.2 Die gestileerde skildagtige fatsoene herinner 'n mens aan Afrika-stamskilde.☑ Die dun, swart herhaalde lyne in die groter, skildagtige fatsoene herinner ons aan dierehorings of -tande. Die skerp, dun, lang dorings van Afrika-doringbome en die geronde organiese fatsoen laat 'n mens dink aan klippies.☑ Die dun, horisontale, spits lynpatrone in die kleiner, vereenvoudigde, plat, skildagtige fatsoene kan ook sinspeel op Afrika-stamliggaam-verfversiering en -insnyding.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V1.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.1.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
Middel-orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.1.1	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	1.1.2	2
	Evalueer, Besin/Nadink		1.1.1	1
	Sintetiseer, Regverdig			

OF

1.2 (Ken 'n maksimum van 2 punte per kolpunt/aspek toe.)



- 1.2.1 **Beweging** word geskep deur die buigsame, golfagtige/gedraaide geweefde mandjie wat aan die raku-gebakte keramiekhouer vasgemaak is deur 'n unieke jukstaposisionering van materiale. ☒ Die verlengde herhaalde vertikale lyne van die houer skep 'n sagte vloeiende beweging. ☒ Die krake wat deur die raku-glasuur-tegniek veroorsaak word, skep 'n dinamiese, golwende (golfagtige) beweging. ☒

Een van die herkenbaarste kenmerke van raku-gebakte keramiek is die kraakglasuur. Die vinnige afkoeling van die geglasuurde stukke skep 'n netwerk van fyn krakies in die glasuur, wat die oppervlak 'n gladde dog visueel **getekstureerde** voorkoms gee. ☒ Die geweefde mandjiewerkgedeelte van die houer toon duidelik 'n growwe tasbare tekstuur. ☒ Wit kolletjies dra ook by tot die tasbare gevoel wat met die geglasuurde gladde gevoel van die raku-gebakte pot kontrasteer. ☒

Die tradisionele **vorm** van die kleipot is verander; dit is verdeel en verleng deur die byvoeging van mandjiewerk wat vanaf die rand van die keramiekbasis geweef is. ☒ Die vorm word trompet- en blomagtig, met die mandjiewerk wat uitwaarts aan die bokant oopwaaier. ☒ Die vorm is vertikaal verdeel om 'n fokuspunt te skep. Hierdie verdeling toon 'n gloeiende oranje binnekleur wat deur die raku-glasuur geskep word. ☒

Die houer is **eklekties van aard** omdat dit uit 'n verskeidenheid Oosterse en Afrika-style en -kulture leen om 'n nuwe, innoverende ontwerp te skep. ☒ Die mandjie is moontlik geïnspireer deur Afrika-mandjiewerk en die raku-glasuur word in Japan, 'n Oosterse kultuur, aangetref. ☒ Die verhewe wit kolletjies wat op die kleipot gevind word, verwys na Afrika-stamgesigverf en liggaam-insnyding. ☒

- 1.2.2 Hierdie houer is nie **funksioneel** nie omdat dit oopgesny is en nie vloeistowwe sal kan hou nie. ☒ Die doel van hierdie houer is **dekoratief** omdat dit 'n sterk estetiese stelling maak en gebruik kan word om 'n interieur te verfraai. ☒ Beide die raku- en mandjieweeftegnieke word as ekspressiewe media gebruik, eerder as om 'n gebruiksvoorwerp te skep. ☒ Of anders kan die houer as funksioneel beskou word omdat dit 'n rangskikking van gedroogde blomme en takkies kan hou. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V1.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.2.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
Middel-orde	Toepas, Implementeer,	40%	1.2.1	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	1.2.2	2
	Evalueer, Besin/Nadink		1.2.1	1
	Sintetiseer, Regverdig			

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP [10 punte]**2.1 (Ken 4 punte toe.)**

Die boodskap van die plakkaat is dat geslagstereotipering gevaarlik is en op jong, beïnvloedbare kinders afgedwing word. Die **visuele beelde/prentjies** van die klein kindertjies wat teddiebere vashou lyk kwesbaar teen die groot, dreigende, bese en onheilspellende swart beeld van 'n figuur wat agter die twee kindertjies is. ☒ Die **teks** wat in die hande voorkom, verwys na geslagstereotipes van seuns (bv. taai, manlik) en meisies (bv. vriendelik, soos 'n dame); dit beskryf watter eienskappe van hulle verwag word. ☒ Die teks word vervat in fatsoene wat die beeld van groot, oorweldigende, klouagtige naels skep, wat op 'n dreigende manier na die klein visuele beelde/prentjies van die kinders uitsteek. ☒ Die woorde wat in die hand aan die regterkant geteken is, toon woorde soos 'tough', 'manly', 'forceful', 'aggressive' (taai, manlik, kragtig, aggressief), ens. en versterk die karakterverwagting van mans, terwyl die woorde wat vir die vroulike hand gebruik word, d.w.s. 'ladylike', 'dumb', 'crazy', 'simple' (damesagtig, stom, mal, eenvoudig), ens. die stereotipiese karakter van vrouens versterk. ☒ Die wit sans serif-teks onderaan die plakkaat kontrasteer met die swart landskap en vestig jou aandag op die twee klein wit visuele beelde/prentjies van die kinders. ☒

2.2 (Ken 6 punte toe. 'n Maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek.)

Die vorm in FIGUUR D word **beïnvloed** deur 'n tradisionele amaZoele-hoed (IsiCholo) wat deur 'n vrou gedra word om aan te dui dat sy getroud is. ☒ Die haarstyl in FIGUUR E word beïnvloed deur die 1960's stedelike Westerse Pop-kultuur en is 'n mode-stelling wat die draer maak glansryk en stylvol in voorkoms. ☒

Die **vorm** van die haarstyl in FIGUUR D lyk soos 'n lang, wye tregter met 'n plat bokant en staties. ☒ Dit is 'n sterk, geometriese, silindriese vorm wat die getroude vrou 'n majestueuse kwaliteit gee. ☒ Die vorm van die byekorff-haarstyl in FIGUUR E is ook lank, organies, lywig en imposant, maar dit is sagter en meer organies/lywiger as FIGUUR D. ☒

Die tasbare **tekstuur** van die haarstyl in FIGUUR D is grof, styf en versier met 'n rand bestaande uit gladde, blink krale. ☒ Die verskeidenheid teksture skep 'n interessante, dekoratiewe haarstylontwerp. ☒ Die opgerolde haarstyl in FIGUUR E het 'n gladde en syagtige tekstuur, en haarsproei is gebruik om die rigiede byekorffvorm te set. ☒


LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 2 punte kan vir tabelvergelyking-antwoorde toegeken word. 'n Maksimum van 4 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte vergelykings aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik die kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	2.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		2.1	1
Middel-orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	2.1	1
			2.2	2
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	2.2	2
	Evalueer, Besin/Nadink		2.2	2
	Sintetiseer, Regverdig			

VRAAG 3 [10 punte]

LET WEL: Slegs twee voorbeelde (3.1 en 3.3) sal vir hierdie nasienriglyne bespreek word.



3.1 (Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe, vir 'n totaal van 10 punte.)

Die Panathenaic-stadion van Athene is geïnspireer deur die beskermgodin Athena, en die behoefte om die verskillende optredes en kompetisies/gevegte van die Panathenaic-fees, wat elke vier jaar gehou is, aan te bied. ☒ Daarteenoor is die nuwe Marques de Riscal-hotel deur die gedraaide vorme van druiveranke en -takke **beïnvloed**. ☒ Die pienk, goud en silwer gekleurde blaredakke is deur die kleure van wyn en die gefragmenteerde, chaotiese karakter van die Dekonstruksie-beweging geïnspireer. ☒ Dit word **beïnvloed** deur Gehry se vorige Guggenheim-kunsgalery in Bilbao, Spanje, wat as katalisator gedien het om Bilbao op Europa se kulturele kaart te plaas. Net so maak die Marqués de Riscal-hotel- en wynkelderkompleks ook die deure na nuwe moontlikhede oop vir die toekoms van die klein dorpie, Elciego. ☒

Die antieke Panathenaic-stadion is gebou uit 'n plaaslik beskikbare, natuurlike marmerkleurige klip met die naam poros wat 'n liggewig, sagte kalksteen is wat algemeen gebruik is vir konstruksie en standbeelde van Antieke Griekeland. ☒ Vlakke klipbanke is rondom die baan gerangskik. ☒ Daarenteen maak die Marques de Riscal van moderne hoëtegnologie-**materiale** in die bouproses gebruik. Gewapende beton, wat met sandsteen bedek is, word vir die hoofdele van die gebou gebruik. ☒ Die grootste deel van die gebou bestaan uit baie verskillende swierige staalafdakke wat deur staalkolomme geanker is. Die afdakke is uitgevoer/bedek met titanium en spieëlleure van goud, pienk en 'n gepoleerde spieëlafwerking. ☒

Die Panathenaic-stadion toon geen organiese vorme nie, maar is geskep rondom die versonke, geronde reghoekige vorm van die atletiekbaan met vlakke sitplekke daaromheen, wat in die skuins kante van die kloof ingebou is. ☒ Die golwende **vorme** van die afdakke van die Marques de Riscal-hotel skep 'n ontploffing van kleur en 'n gevoel van beweging, en die vertikaal teruglopende vloerplan gee 'n piramide-agtige voorkoms aan die algehele vorm van die gebou. ☒ Die golwende organiese vorme word onderbreek deur reglynige vorme, bedek met natuurlike blonde sandsteen wat 'n verhouding met die omliggende geboue van die gebied skep. ☒

Die Panathenaic-stadion is in 'n kloof **geleë** en is gebou ter ere van die beskermgodin van Athene, die kulturele middelpunt van Griekeland. ☒ Dit is moontlik oor 'n reeds bestaande sportfasiliteit gebou en opgegradeer met klipsitplekke vir die 'bevoorregte klompie mense', terwyl toeskouers voorheen op die natuurlike hange aan die kant van die stadion sou gesit het. ☒ Die Marques de Riscal is geleë op die terrein van 'n lank bestaande wynplaas in die Rojas-omgewing wat bekend is vir sy wynproduksie. ☒ Die hoogte van die Avant Garde-gebou oortref nie dié van die kerkkloktoring in die klein stad van Elciego nie, om die identiteit van hierdie klein landboubevolking van die La Rioja-streek te bewaar. ☒

Die Panathenaic-stadion is spesifiek gebou om die Panathenaea-spele aan te bied, wat hoofsaaklik vir atletiekkompetisies gebruik is, maar sy atletiekbaan was ook tydens kultusfeeste 'n plek waar wilde diere geslag is en gladiators geveg het. ☑ Die Marques de Riscal-wynkelderkompleks **funksioneer** as 'n ruimte vir die produksie van wyn, asook 'n ruimte vir ontspanning en het 'n toerisme-terrein van belang geword in die belangrike historiese wynproduserende gebied van Rioja. ☑ Die kompleks produseer en sorg vir studies wat betrokke is by die wynmaakproses, asook die verskaffing van 'n venue vir wynproe. Die hotel bevat 'n restaurant, eksklusiewe suites, vergader-/konferensiekamers en 'n gespesialiseerde winkel wat produkte verkoop wat met die wynmakery verband hou. ☑

OF

- 3.2 Daar word van die kandidaat verwag om 'n opstel te skryf deur enige Klassieke gebou/struktuur of Klassiek geïnspireerde gebou/struktuur met 'n kontemporêre gebou wat hulle bestudeer het, te vergelyk.

OF

- 3.3 **'N KLASSIEKE OF KLASSIEK GEÏNSPIREERDE GEBOU/STRUKTUUR IN VERGELYKING MET 'N INHEEMSE KENNISSTELSELS(ICS)-GEBOU/STRUKTUUR**

Die Panteon word met die iSwati-byekorfhut vergelyk:

Die **invloede** van Klassieke Griekse argitektuur is duidelik aan die buitekant van die Pantheon wat baie van die buitekant van die Parthenon in Athene leen. ☑ Hierdie invloed kan gesien word in die Pantheon se gebruik van 'n fronton/geweldriehoek en die Korintiese hoofletters wat op die kolomme van die stoep gebruik is. Die koepelvormige hoofgebou is egter meer Romeins in styl. ☑ Die iSwati-hut funksioneer as 'n manifestasie van die eSwatini-identiteit en is geïnspireer deur die behoefte aan beskerming en hulle tradisies in hulle kulturele oortuigings ☑, asook die natuurlike materiale wat geredelik in hulle omgewing beskikbaar was. ☑

Die **materiaal** wat gebruik word om die sirkelvormige gebou van die Pantheon te bou, is baksteen en beton; die buitekant is oorspronklik met marmerpleisterwerk bedek om by die stoep te pas. ☑ Hierdie swaar, sterk en grootse materiale het die belangrikheid van die Romeinse keiser en ryk suksesvol oorgedra. ☑ Die iSwati-hut is geheel en al van natuurlike materiale gebou wat spesifiek volgens hulle bou-eienskappe gekies is. ☑ Die volhoubare boumetode en -materiaal maak gebruik van gedroogde dekgras wat uit die onmiddellike omgewing geoes word en 'n raamwerk van boompies wat met tou aan mekaar gebind is. ☑

Beide die Pantheon en die iSwati-hut is op 'n sirkelvormige basis **gebou** en maak gebruik van die koepel as 'n dominante vorm. ☑ Die iSwati-hut is gebou met 'n sentrale boomstam wat as die hoofstut dien. ☑ Wanneer die raamwerk klaar gebou is, word dit met dekgras bedek om 'n byekorfhut te vorm. ☑ Die materiaal en konstruksietegnologie maak die hut stabiel, warm in die winter en koel in die somer. ☑ Die koepel van die Pantheon is gebou met behulp van 'n innoverende, nuwe konstruksietegniek wat voorsiening gemaak het vir die afmetings van die binnehoogte en die deursnee van die koepel om dieselfde te wees. ☑ Die spanwydte van die koepel bly die grootste onversterkte koepel wat nog ooit gebou is en is 'n bewys van die Romeinse ingenieurskundigheid. ☑

Die gewig van die koepel word verminder deur vyf ringe van 28 koffers wat in grootte verminder soos wat hulle na die okulus/ronde venster styg. ☑ Die okulus by die koepel se toppunt en die toegangsdeur is die enigste natuurlike ligbronne aan die binnekant. Dwarsdeur die dag beweeg lig van die okulus rond in hierdie ruimte met 'n omgekeerde sonwyser-effek: dit merk tyd met lig eerder as met skaduwee. ☑ Die okulus bied ook verkoeling en ventilasie; tydens storms, hanteer 'n dreineringsstelsel onder die vloer die reën wat deur die okulus val. ☑

Die iSwati-byekorf hut is een van die min kulture wat **dekoratiewe** patrone in die dekgras skep; gebonde grasse en rankpatrone word geskep om die lae ingang te omraam. ☑ Net so is die Pantheon aan die buitekant van die gebou versier deur sestien monolitiese kolomme op die stoep. Die kolomme en dekoratiewe hoofletters is van Egiptiese graniet gemaak, en die basisse is uit wit Griekse marmer gesny. ☑ Die binnemure en vloer is met marmer en verguldsel versier en die buitekant van die Pantheon is oorspronklik met marmerpleisterwerk versier. ☑

Die struktuur van die Klassieke gebou, die Pantheon, weerspieël die **funksie** daarvan. Die naam, struktuur van die stoep en pedimentversiering dui daarop dat die gebou se oorspronklike funksie dié van 'n tempel was. ☑ Dit is ontwerp as 'n plek vanwaar die keiser openbare verskynings kon maak en het standbeelde van die vele gode van die Romeinse panteïstiese samelewing gehuisves. ☑ Wanneer jy na die iSwati-byekorf hut kyk, openbaar die struktuur ook die funksie daarvan: die dik grasdak bied beskerming teen die strawwe klimaat ☑ en die lae ingang het beskerming teen vyande gebied omdat hulle in 'n kwesbare posisie sou moes buig om toegang tot die hut te kry. ☑

Krediet moet gegee word aan enige ander geldige stellings of 'n vergelyking van 'n Klassieke of Klassiek geïnspireerde gebou/struktuur met enige kontemporêre gebou of 'n vergelyking van 'n Klassieke of Klassiek geïnspireerde gebou/struktuur met enige Inheemse Kennisstelsels(IKS)-geboustruktuur wat die kandidaat bestudeer het.

LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir tabelvergelyking-antwoorde toegeken word. 'n Maksimum van 7 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte opstelle aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.

V3 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	3.1, 3.2, 3.3	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			2
Middel-orde	Toepas, Implementeer,	40%	3.1, 3.2, 3.3	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	3.1, 3.2, 3.3	1
	Evalueer, Besin/Nadink			2
	Sintetiseer, Regverdig			

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS**VRAAG 4 [30 punte]****4.1 Ken 20 punte in totaal toe.**

Ken 10 punte vir elke beweging toe: 5 punte in totaal vir doelwitte, invloede en kenmerke, 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld, 1 punt vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp en 2 punte vir verwysing na die stelling in die konteks van die ontwerpbeweging.

LET WEL: SLEGS EEN punt kan vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp van elke beweging toegeken word. Gebruik die kognitiewe vlakke as riglyne.

Hierdie nasienriglyne verskaf 'n antwoord vir die volgende twee moontlikhede:

- **KUNS-EN-KUNSVLYTBEWEGING**
- **BAUHAUS**

DIE KUNS-EN-KUNSVLYTBEWEGING**Verband met die stelling**

Die Kuns-en-kunsvlytbeweging het goeie ontwerpe voortgebring, want vorm is deur funksie bepaal, bv. verbindings is sigbaar gelaat en het deel geword van die buite-ontwerp en estetika van die produk.☑ Die estetiese waarde van die produkte was ook belangrik – versiering is gebruik om die basiese ontwerp te verbeter.☑

Bespreek die doelwitte, invloede en stilistiese kenmerke

Een van die **hoofdoelwitte** van die Kuns-en-kunsvlytbeweging was om 'n alternatief vir die kieskeurige oorversierde massavervaardigde goedere van die 19^{de} eeu te bied.☑ Hulle het ten doel gehad om die waarde en betrokkenheid van die geskoolde vakman en ontwerper te hervestig om die gehalte van die ontwerp te verbeter.☑ Die vervaardiging van handgemaakte goedere van 'n hoë gehalte is aangemoedig in teenstelling met massavervaardigde produkte van 'n lae gehalte.☑ Produkte moes eenvoudig wees en goed werk.☑ Ornamentasie is tot die minimum beperk op meubels, maar gestileerde beelde uit die natuur het die estetiese aantrekkingskrag van oppervlakontwerpe op tekstiele, matte, muurbehangsels en keramiek verseker.☑

Die Kuns-en-kunsvlytbeweging is **beïnvloed** deur die organiese lyne en fatsoene van blare, plante en voëls wat gelei het tot esteties aangename kromlynige oppervlakontwerpe vol beweging.☑ Die gebruik van onopgesmukte plaaslike klip, oop dakbalke en vloerplanke wat die natuurlike grein van hout weerspieël, beïnvloed deur die Rustic English Cottage-styl se gebruik van natuurlike materiale, het tot die esteties aangename gehalte van hierdie ontwerpe bygedra.☑ Die Gotiese style se klem op orde, funksie en eenvoud was nog 'n invloed.☑ Hulle belangstelling in die Middeleeuse Gotiese styl het ook gelei tot die gebruik van mitologiese wesens soos drake as onderwerp en die gebruik van Middeleeuse ontwerp motiewe soos die drieblaarpatroon en die vierblad.☑

Kenmerkende fatsoene op oppervlakontwerpe was plat en organies met duidelike buitelyne wat beheerde kromlynige ritmes gevorm het.☑ Hierdie oppervlakontwerpe het meestal bestaan uit simmetries gebalanseerde komposisies wat die beweging stabiliseer het en 'n algehele gevoel van orde oorgedra het.☑ Plat areas met ryk, sterk kleure is in verskillende skakerings van blou, geel en rooi gebruik, wat dikwels aan Gotiese loodglasvensters herinner.☑ Dit is soms met aardkleure gekombineer.☑

Een voorbeeld van die Kuns-en-kunsvlytbeweging is die **Biblioteektafel ('Library Table')** deur Gustave Stickley.☑



Die **Biblioteektafel ('Library Table')** is beide funksioneel en esteties bevredigend. Die tafel is stewig en eenvoudig, maar terselfdertyd dekoratief as gevolg van die seskantig gevormde blad, die getekstureerde leerbedekking en die ry knopies ('studs') wat die deksel op sy plek hou. ☑ Tipies van die Kuns-en-kunsvlytbeweging is die gebruik van hout, 'n natuurlike materiaal, sowel as van sigbare verbindings om die vakman se hand te toon. ☑ Tipies is ook die feit dat die hout nie geverf is nie om die natuurlike patrone wat deur die grein van die hout gevorm is, te openbaar. ☑

BAUHAUS

Verband met die stelling

Die Bauhaus het goeie ontwerpe geskep wat **funksioneel** en massavervaardig is, maar terselfdertyd **esteties** bevredigend is. ☑ Hulle het geglo dat funksie vorm moet bepaal. ☑ Alle oppervlakversiering is verwerp en die skoonheid van produkte lê in perfek gebalanseerde, suiwer, geometriese vorme, skoon lyne en gladde teksture. ☑

Bespreek die doelwitte, invloede en stilistiese kenmerke

Die Bauhaus se **doel** was om ontwerp weer in kontak te bring met die alledaagse lewe deur estetika en funksionele ontwerp te herenig. ☑ Hulle wou die gaping tussen kunstenaar en vakman kleiner maak deur die Bauhaus Skool te stig. ☑

Die Bauhaus is **beïnvloed** deur die Kubiste se strewe na noodsaaklike eenvoud deur die reduksie van vorme tot eenvoudige, geometriese vorme. ☑ Hulle is ook deur die masjintydperk beïnvloed en het geglo dat hulle ontwerpe geometries moet wees, met skoon rande en gladde oppervlakke, wat hierdie masjien-estetika weerspieël. ☑

Die Bauhaus het **kenmerkend** gebruik gemaak van suiwer geometriese vorme soos kubusse, keëls en sferes wat kalmte en stabiliteit oorgedra het. ☑ Die buitelyne van hierdie vorme was duidelik en presies en het herinner aan masjinerie. ☑ Materiale is modern en meestal masjienvervaardig, soos beton, gewapende beton, gewapende glas, en staal, wat produkte en geboue 'n industriële voorkoms gee. ☑ Oppervlakke is onopgesmuk, glad en slank, wat die aandag op die struktuur en funksie van die ontwerp plaas. ☑ Uiterse eenvoud, die gebruik van gehalte-materiale en pragtig afgewerkte oppervlakke verseker die estetiese aantrekkingskrag van hierdie ontwerpe. ☑

'n **Voorbeeld** van 'n Bauhaus-ontwerp wat beide funksionaliteit en estetiese aantrekkingskrag weerspieël, is die Bauhaus **Ineenpassende Tafeltjies ('Nesting Tables')** deur Joseph Albers. ☑



Die vier tafels is **funksioneel** omdat hulle in mekaar gepas kan word om een eenheid te vorm om ruimte te bespaar in 'n area waar ruimte 'n kwessie is. ☒ Elkeen van die vier tafels kan vir 'n verskeidenheid ander funksies gebruik word, bv. 'n klein lessenaartjie, om tee te bedien, drankies op te sit, ens. ☒ Elke tafel in hierdie stel van vier tafels is 'n perfekte, meganiese, kubusagtige vorm, tipies van Bauhaus-ontwerp. ☒ Reguit skraal houtlyne omraam die voorkant en agterkant van die tafelblad en gaan verder afwaarts om die pote te vorm. ☒ Die tafelblad vorm 'n soliede reghoek en die pote omring 'n reghoekige ruimte. Die herhaling van reghoeke lei tot 'n sterk verenigde, geordende en gebalanseerde ontwerp, wat ook tipiese kenmerke van Bauhaus-ontwerpe is. ☒ Die glasblaaie is aan die onderkant in skakerings van kruisementgroen, geel, oranje en blou verlak om 'n prettige aspek by 'n leefkamer te voeg. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V4.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			4
Middel-orde	Toepas, Implementeer,	40%	4.1	8
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	4.1	2
	Evalueer, Besin/Nadink			4
	Sintetiseer, Regverdig			

4.2 [10 punte] (Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe.)



Die ring in FIGUUR H weerspieël die Dekonstruktivistiese **doel** om vorme te fragmenteer om dele te verken, eerder as om harmonie, eenheid en balans te skep. ☒ In teenstelling met die Art Nouveau-ring in FIGUUR I wat tendes het om die sensuele vorme en lyne van die natuur te herhaal om ritmiese eenheid te skep. ☒

Die Dekonstruksie-ring word duidelik **beïnvloed** deur die belangstelling van Kubisme om voorwerpe in geometriese lyne en vorme te fragmenteer, terwyl die Art Nouveau-ring die invloed van organiese fatsoene van die natuur, soos pouse, toon. ☒ Die Dekonstruksie-ring is groot, oorlaai en stekelig, wat die invloed van die Anti-Ontwerp-beweging se bevraagtekening van konvensionele skoonheidstandaarde, terwyl die Art Nouveau-ring uit strelende, gladde, draaiende/kolkende oppervlakke en vorme bestaan. ☒

Die Dekonstruksie-ring word opgesny deur baie oorkruisende, reguit diagonale **lyne**, tipies van Dekonstruksie-ontwerpe, wat skerp, gebroke bewegings tot gevolg het. ☒ In vergelyking is die sweepslylyn wat geskep word deur die vloeiende, sensuele buitelyn van die pouse kop en nek wat rondom die Art Nouveau-ring drapeer, meer aaneenlopend en draaiend/kolkend. ☒

'n Vloeiende **ritme** word geskep deur die herhaalde, geboë koppe van poue in FIGUUR I, wat kronkelend om die sentrale edelsteen draai. ☑ 'n Uitwaartse stralende ritme word deur die herhaling van die waaieragtige lyne en sirkels bo-op die poue se koppe geskep. ☑ Daarteenoor word 'n chaotiese ritme deur die reguit, hoekige, lukraak geplaasde lyne in FIGUUR H geskep. ☑

Ergonomie (gerief vir die draer) is duidelik nie een van die hoofdoelwitte van die Dekonstruksie-ring nie omdat dit redelik swaar op die vinger moet wees en die uitstaande lyne daarvan sal aan baie goed vashaak terwyl die hand en vinger beweeg word. ☑ Die Art Nouveau-ring lyk ligter en gemakliker om te dra. ☑ Die pou se kroonvere strek aan weerskante van die middel van die ring langs die vinger, wat dit minder geneig sal maak om aan goed vas te haak, ☑ maar tog nie baie gemaklik op die vinger nie. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir tabelvergelyking-antwoorde toegeken word. 'n Maksimum van 7 punte kan toegeken word waar kandidate twee aparte opstelle aanbied wat belangrike en relevante stellings toon. Gebruik kognitiewe vlakke as 'n riglyn vir jou nasienwerk.

V4.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.2	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
Middel-orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.2	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	4.2	2
	Evalueer, Besin/Nadink			2
	Sintetiseer, Regverdig			1

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

VRAAG 5 [20 punte]

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1



5.1.1 (Ken 4 punte toe.)

'n Positiewe kenmerk van die trapontwerp is die gladde styging van elke trap wat laag en gemaklik lyk om te gebruik.☑ Die trap maak voorsiening vir inklusiewe toegang; liggaamlik geskikte mense en mense met gestremdhede kan dieselfde trap gelyktydig gebruik.☑ 'n Negatiewe kenmerk van die trapontwerp is dat daar te min handrelings is en dit kan daartoe lei dat mense val.☑ Die skerp draaie in die opgang kan gevaarlik wees vir rolstoele, wat ongelukke tot gevolg kan hê.☑ Die steil helling/daling van die opgang sonder speedwalle kan fisies nogal uitdagend en gevaarlik wees.☑

Gee krediet aan enige ander geldige antwoorde.

5.1.2 (Ken 16 punte toe.)

Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevallestudie: 1 punt vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp, 5 punte vir 'n bespreking van die doelwitte, materiale en tegnieke en 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld en hoe dit sosiokulturele kwessies aanraak.

EEN SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE SOSIOKULTURELE ONTWERPER/ONTWERPGROEP:



Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en ontwerpproduk

BRANDweerstasie Soweto ('FIRE Station Soweto') deur Rodney Eksteen in samewerking met Jeanne Homer en Jocelin Flank.☑

Bespreek die doelwitte, materiale en tegnieke van hierdie ontwerper

Rodney Eksteen, 'n 25-jarige lid van die brandweerdienste in Suid-Afrika, het in samewerking met medeprofessor in argitektuur, Jeanne Homer, en Jocelin Flank van Oklahoma State University 'n brandweerstasie in die Johannesburg-omgewing ontwerp wat meer as net 'n brandweerstasie is.☑ Dit het ten **doel** gehad om die dienste en pligte van 'n brandweerstasie te verskaf wat nie net aan die gemeenskap van Soweto behoort het nie, maar ook die gaping tussen brandweerpersoneel en inwoners oorbrug het.☑ Die ontwerp het ten doel gehad om beide kante te help glo dat hulle vennote is met die versorging en welstand van

hulle gemeenskap.☑ Die **materiale en tegnieke** wat vir hierdie gebou gebruik is, is onkonvensioneel in styl, met gebruik van 'n staalraam, betondakglas en aluminiumvel om maksimum natuurlike lig in die gebou in te laat.☑ Sonpanele word gebruik om elektrisiteit op te wek en dit maak die gebou energiebesparend en volhoubaar.☑ 'n Minimale gebruik van swaar tradisionele baksteen en dagha word op die mure gebruik.☑

Ontleed EEN voorbeeld en verduidelik hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessie(s) aanraak

In die verlede is brandweerstasies as pakhuis gebou, eerder as dele van gemeenskappe.☑ Hulle het soos militêre installasies met tralievensters en hekke gelyk en het gedien as stoorplek vir brandweertoerusting en personeel.☑ Buiten die reaksie van brandweerstasies op noodgevalle was daar min tot geen interaksie tussen brandweerpersoneel en burgers nie.☑ Hierdie brandweerstasie is oopplan en vol lig, wat die publiek innooi. Dit is nie meer 'n struktuur wat 'n outoritêre regering verteenwoordig nie – dit reik uit na die publiek en skep 'n brug tussen die regering en die publiek.☑

EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP



Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en hulle ontwerpproduk

Studio vir Haweloses ('Homeless Studio') deur die University of Southern California's School of Architecture.☑

Ontleed die doelwitte, materiale en tegnieke van hierdie ontwerper

In reaksie op 'n groeiende kommer oor die kwessie van hawelose mense het die University of Southern California's School of Architecture die **Homeless Studio** geskep, 'n studenteprojek wat daarop gemik is om die krisis van haweloses te verlig.☑ Ontwikkel in samewerking met Madworkshop ('n nie-winsorganisasie en argitektuurontwerpgroep) het die **Homeless Studio** holistiese oplossings ontwikkel om die kwessie van haweloosheid aan te pak.☑

Vervaardig met **materiale** soos laaghout, Perspex en aluminium, is die skuilings bedoel om lig te wees en maklik om rond te beweeg.☑ Die skuiling kom in verskillende fatsoene en groottes, maar het ruimte vir een persoon om te slaap.☑ Elke ontwerp hanteer die behoefte van sy inwoner vir sekuriteit, privaatheid en skuiling teen die elemente.☑ Hierdie projek maak voorsiening vir die fisiese skepping van hulle prototipes, wat 'n 30-bed-skuiling ingesluit het wat 'n prototipe skuiling vir haweloses sal word.☑ Die ontwerpers het hulle voltooide strukture aan hawelose mense oral in die stad gelever.☑

Bespreek EEN voorbeeld en verduidelik hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessie(s) aanraak

Ontwerpers het die **sosiale kwessie** van haweloosheid aangepak deur hierdie versameling tydelike, beweegbare, modulêre en uitskuifbare strukture te skep wat die haweloses van die straat af kan hou, terwyl hulle geweier het om op staatsingryping staat te maak.☑

Die **Homeless Studio** se plan stel die groep ontwerpers in staat om aan praktiese vervaardigingswerkwinkels deel te neem en werklike gevallestudies te onderneem met plaaslike inwoners wat haweloosheid ervaar. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V5.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHED	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.1.1 + 5.1.2	1 + 1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.1.1 + 5.1.2	1 + 3
Middel-orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.1.1 5.1.2	2 6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	5.1.2	2
	Evalueer, Besin/nadink		5.1.2	4
	Sintetiseer, Regverdig			

5.2

5.2.1 **(Ken 2 punte toe.)**

In FIGUUR K word die **Voëlnes('Bird's Nest')-swembadtuinhuisie** gebou deur gebruik te maak van inheemse kunsvlyttegnieke soos mandjieweef, hut- en kraalkonstruksie. Internasionale en plaaslike toeriste wat die lodge besoek, word blootgestel aan Botswana se tradisionele kunsvlyt-erfenis wat gesien word in die tuinhuisie-ontwerp. ☒ Die potensiaal van hierdie inheemse kunsvlyttegnieke verhoog die status van ontwerp aangesien dit die 'oue' (tradisionele) met die 'nuwe' (moderne) laat saamsmelt. ☒ Dit help ook om toeriste 'n unieke, egte Afrika-ervaring te gee. ☒

5.2.2 **(Ken 8 punte toe.): 1 punt vir die tradisionele handwerk-/inheemse kulturele gemeenskap, 5 punte vir 'n bespreking van die materiale, metodes en prosesse en 2 punte vir die sosiale waarde en funksie van die handwerk.**

Naam van EEN tradisionele kunshandwerk-/inheemse kultuur-gemeenskap wat die tradisionele kunshandwerk gemaak het:

IsiZulu Ceramics. ☒

Die materiale, metodes en prosesse wat gebruik is om die tradisionele kunshandwerk te maak:

Die oprol**tegniek** word gebruik om Zoeloe-potte te maak. ☒ Die hoof**materiaal** is rooi en donker klei wat uit die berge versamel word en tot 'n fyn poeier op 'n slypsteen gemaal word. ☒ Hierdie poeier word dan gedroog totdat dit die regte digtheid bereik het, of 'n geskikte graad van plastisiteit. ☒ Die mure van die houer word geleidelik uit 'n sirkelvormige basis opgebou. ☒ Daar word noukeurig gelet op simmetrie en die korrekte breedte van mure. ☒ Binne- en buitemure word gevorm en met 'n stuk kalbas, klip of metaalgereedskap gepoleer. ☒ Sodra dit klaar is, word die pot met komberse bedek en in 'n hut geplaas totdat dit hard soos leer is en dit word dan vir sewe dae buite gedroog. ☒ Daar is twee hoof Zoeloe-versieringstegnieke, nl. toegepaste en gekerfde versiering. ☒ Toegepaste versiering word gedoen deur klein kleiballetjies op potte (Intsumpa) vas te heg of om druk van binne die pot uit te oefen om buitenste uitsteeksels te skep. ☒ Gekerfde versierings wat op die pot ingeskryf is, skep herhalende patrone. ☒ Zoeloes het putvuur gebruik. ☒ Potte word in 'n vlak put geplaas en met droë aalwynblare en hout bedek, wat dan aan die brand gesteek word. ☒ Potte wat bedoel is om uit te eet en te drink, moet 'n tweede met koeke droë beesmis in die vuur gesit word. ☒ Potte kom uit die tweede vuur met 'n swart voorkoms, gevryf met appelliefieblare, 'n klein plat klippie en dierevet, wat 'n blink, gladde en swart afwerking daaraan gee. ☒

Die sosiale waarde en funksie van die kunshandwerk:

Die hoof funksies van hierdie pottebakkerhouers is om vleis, graan en groente te kook en voor te sit. ☑ Brou, bedien en drink sorghumbier. ☑ Vervoer en berg water, gee medisyne, brand wierook as deel van seremonies wat daarop gemik is om die voorouers te vereer en mee te kommunikeer. ☑ Die meeste pottebakkers maak vandag houers vir die brou, opdien en drink van sorghumbier (utshwala), en 'n reeks kleiner opdien- en eethouers vir die verbruik van uphuto, 'n mielie-gebaseerde pap, en amasi. ☑ Fatsoene en groottes wissel volgens hulle funksie – die grootste pot is die onversierde 'imbiza', 'n pot wat gebruik word om te kook en tot 40 liter tradisionele bier kan hou. ☑ Drinkpote het 'n urnvorm met 'n silindriese tregter, wat vermorsing voorkom en skink vergemaklik. ☑ Die 'umancishane', 'n kleiner pot, dui aan 'n besoeker wat bier daarin ontvang het, aan dat slegs 'n kort kuier verwag word. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

- 5.2.3 **(Ken 10 punte toe.): 1 punt vir die naam van die ontwerper/ontwerpgroep en hulle produk(te), 6 punte vir doelwitte, invloede en materiale en 3 punte oor hoe tradisionele tegnieke/metodes en materiale op die relevante kontemporêre ontwerp toegepas is**

Naam van ontwerp/ontwerpgroep en hulle produk(te):

Vase Telewire Light deur Mash T Studio ☑

**Algemene doelwitte, invloede en kenmerke van die ontwerper/ontwerpgroep se werk:**

Mash T Studio se missie sentreer om die behoud van die essensie van tradisionele ambags-/vakmanskap ☑ deur tegnologie en hierdie kunsvlyt te laat saamsmelt om 'n kontemporêre ontwerp-estetika te skep. ☑ Hulle put uit die ryk Suid-Afrikaanse kulturele erfenis om moderne ontwerp te inspireer. ☑ Hierdie benadering stel hulle in staat om nuwe lewe in tradisionele ontwerpe, tegnieke en voorwerpe te blaas, en om hulle relevansie in vandag se samelewing te verseker sodat hulle nie vergeet word nie. ☑ Tradisionele materiale soos krale en telefoondraad word gebruik om hierdie moderne, onverwagte nuwe vorme te vorm. ☑

Mash T Studio werk nou saam met tradisionele vakmense om Suid-Afrikaanse stories in hulle uiteenlopende reeks produkte te verweef, wat wissel van beligting tot meubels, ☑ bv. **The Hlabisa-bank**, wat geskep is in samewerking met Houtlander en meesterwewer, Beauty Ngxongo. ☑

'n Bespreking van hoe tradisionele tegnieke/metodes op die kontemporere ontwerp toegepas is:

Die **Vase Telewire-scooby-hanglamp**, deel van die Alfred-ligreeks, is 'n voorbeeld van 'n kontemporêre ontwerp wat tradisionele Suid-Afrikaanse kunsvlyt, d.w.s. mandjie- en telefoondraadweef, aanpas om pragtige produkte te skep wat in 'n kontemporêre ontwerp inpas.☑ Die hanglamp bestaan uit twee mandjieagtige vorme wat in die middel ontmoet. Die boonste helfte waaier oop na die bokant wat soos 'n breë mandjie lyk, en die onderste helfte vorm 'n meer buisvormige afwaartse mandjievorm.☑ Die kombinasie van twee mandjievorme het 'n nuwe, onverwagte kontemporêre vorm tot gevolg.☑

Hierdie ligtoebehoore is geskep in samewerking met die meester-teledraadwewer, Bab' Alfred Ntuli en Elizabeth Joubert van Tin Lab Designs.☑ Geïnspireer deur die praktyk wat van so vroeg as die 1960's gesien is, waar Zoeloe-nagwagters stukkies telefoondraad om hulle tradisionele stokke begin weef het, voeg hierdie plafonligte 'n moderne kinkel by 'n eeue-oue tradisie, met 'n kenmerkende estetika vir enige interieur.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

GEEN punte moet gegee word vir herhaling van ontwerper(s) en hulle werk wat reeds in hierdie vraestel gebruik is nie.

V5.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.2.1 + 5.2.2	1 + 2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.2.3	3
Middel-orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.2.1 + 5.2.2 + 5.2.3	1 + 3 + 4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	5.2.2	3
	Evalueer, Besin/Nadink		5.2.3	1
	Sintetiseer, Regverdig		5.2.3	2

VRAAG 6 [20 punte]**6.1 (Ken 4 punte toe.)**

Modeontwerper Katekani Moreku, glo in die herwinning en herontwerp van weggooimateriaal vir sy mode-ontwerpe.☑ Katekani is in staat om plaaslike, gewilde items soos mieliemeelsakke, helderkeurige, gestreepte plastiektafeldoeke, natuurlike geweefde mandjies en shweshwe-stof in volhoubare mode te transformeer.☑ Katekani vind onkonvensionele materiale en weggooi-items by liefdadigheidswinkels wat hy omskep in nuwerwetse mode-ontwerpe vir die huidige generasie.☑ Katekani beklemtoon dat die herontwerp van weggooiklere en -voorwerpe kostedoeltreffend is.☑ Deur te herontwerp, voel hy bemagtig om uitdrukking te gee aan sy persoonlikheid en unieke kenmerkende styl in sy reeks wat teksture en helderkeurige tekstielstof kombineer, wat sy volhoubare modereeks alles behalwe konvensioneel, eenvormig of basies maak.☑ Moreku voeg ook by dat ons huidige generasie bewustheid moet begin skep van die belangrikheid van herontwerp en herwinning sodat ons toekomstige geslagte in staat sal wees om die hoeveelheid besoedeling te verminder.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

6.2 (Ken 16 punte toe.)

Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevallestudie: 1 punt vir die naam van 'n ontwerper en ontwerp, 5 punte vir 'n bespreking van die doelwitte, materiale en prosesse en 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld en hoe dit omgewingskwessies aanpak.

Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN van hulle ontwerpe: Waste to Wonder Pavilion deur Architecture Studio theMAAK: 'n getransformeerde openbare ruimte met gebruik van herontwerpte Tetra Pak-rommel (Suid-Afrika), 2019.☑

**Doelwitte, materiale en prosesse gebruik:**

Die primêre doel van die argitekterfirma, theMAAK, is om 'n praktiese benadering te gebruik in 'n poging om die gemeenskap in Langa ('n lae-inkomstegebied in Kaapstad) te bemagtig en op te voed sodat hulle verstaan wat 'afval' is en hoe om dit tot hulle voordeel te benut.☑ Nog 'n doel is om 'n dinamiese 'kultuur vir die gebruik van openbare ruimtes' in ontwikkelende gemeenskappe aan te moedig.☑ Die span hoop dat die projek 'n positiewe reaksie by die gemeenskap sal skep en wêreldklas argitektuur sal voorsien word aan diegene wat dit die nodigste het.☑

Die tema was om 'n tydelike Wonder Pavilion-struktuur te skep. Met die hulp van theMaak het die gemeenskap 'n Wonder Pavilion met Tetra-Pak-verpakkingsmateriaal (herwinde melkkartonne) gemaak. Die binnekant van die Tetra-Pak-verpakking is 'n swaardiens-, taai papier wat waterwerend is, wat dit duursaam en geskik maak vir 'n tydelike afdak.

Die proses wat theMAAK gevolg het, was 'n samewerking met eendersdenkende mense van verskillende agtergronde en wat ander vaardighede as Langa gehad het. Idees is uitgeruil, gedeel en kreatiewe mense het die geleentheid gekry om by mekaar te leer. Deur hierdie samewerking het theMaak die gemeenskap gehelp om omgewingsontwerpe van 'n hoë gehalte meer toeganklik en inklusief te maak.

'n Ontleding van die ontwerp en 'n verduideliking van hoekom dit volhoubaar is en omgewingskwessies aanpak:



Die **Waste to Wonder Pavilion** is 'n swaaiende, modulêre afdak-ontwerp wat 'n origami-net, argitektoniese patroon en/of struktuur skep deur die binnekantse wit deel van die melkkartonne te gebruik. Die pawiljoen toon duidelik hoe Tetra-Pak-afval gebruik kan word om 'n pawiljoen te bou en maak die gemeenskap bewus van die 'estetiese en materiële potensiaal van afval'. Die hergebruik en herontwerp van Tetra-Pak skep 'n volhoubare ontwerp wat **omgewingskwessies aanpak**. Deur opvoeding en gedeelde inligting beland minder melkkartonne in stortingsterreine of op die strate van Langa en die omliggende gebiede. Hierdie herwinningsinisiatief verskaf pragtige openbare infrastruktuur, moontlik gemaak deur samewerking, en moedig die gemeenskap aan om verantwoordelik en opletteend te wees in hulle omgewing.

INTERNASIONALE OMGEWINGSONTWERPER/-ONTWERPGROEP

Naam van ontwerper/ontwerpgroep en EEN van hulle ontwerpe:

Zero Waste-opwip('pop-up')-restaurant deur Linda Bergroth (Manhattan-jaarmark), 2018.



Doelwitte, materiale en prosesse:

Die tydelike, vierdaagse **Zero Waste-opwip('pop-up')-restaurant** bou voort op die konsep wat deur Helsinki's Restaurant, Nolla, geskep is, en sy **hoofdoel** is om die 'eerste nul-afval-restaurant in Manhattan' te skep. Linda Bergroth het die opwip-restaurant ontwerp, gebaseer op haar Skandinawiese agtergrond. Die doel daarvan is om voedsel te gebruik wat normaalweg weggegooi sou word, en om nie-volhoubare verpakking te verwerp. Hulle het saam met ontwerpers, ingenieurs en argitekte gewerk om te besin oor afvalbestuur en waterdoeltreffendheid.

Die **materiaal** wat gebruik word om die opwip-restaurant te bou, is herwinde Tetra Pak – 'n verpakkingsmateriaal wat algemeen gebruik word vir melkkartonne en voedselverpakking.☑ Sjef Luka Balac het gesê: 'ons geregte by **Zero Waste-opwip('pop-up')-restaurant** word van plaaslike en organiese bestanddele gemaak, asook neweprodukte wat algemeen oor die hoof gesien word en alle oorskiet word gekompoteer.☑ Volhoubare voedselverpakking, bioafbreekbare oplossings en materiële innovasies word die afgelope tyd oorweeg.☑ Die muurpanele van die opwip('pop-up')-restaurant word in groepe deur ReWall in Iowa vervaardig, en kry hulle kleur van watter produkte ook al op daardie tydstip verwerk word.☑ Deur aan die materiale getrou te bly, het die oppervlakke 'n gevlekte silwerblou kleurtoon van ver af, terwyl die teks en strepieskodes van die verpakking sigbaar is as daar 'n mens van nader kyk.☑ Die opwip-restaurant en produkte is ontwerp om 'n prettige visuele ervaring en 'n intieme eetervaring te skep, en die herwinde Tetra-Pak skep 'n omgewing met uitstekende akoestiek.☑

'n Ontleding van die ontwerp en 'n verduideliking van hoekom dit volhoubaar is en omgewingskwessies aanpak:

Die **Zero Waste-opwip('pop-up')-restaurant** is 'n uitstekende voorbeeld van 'n kringloop-ekonomie, waarin hulpbronne so lank as moontlik gehou en hergebruik word. Dit verskil van 'n lineêre ekonomie waar materiale en produkte gemaak, gebruik en dan weggegooi word.☑ Die opwipgeleentheid het ook werksinkels en praatjies oor die kringloop-ekonomie en nul-afval-mode ingesluit.☑ Hierdie ontwerp pleit by mense om ons lewenstyl, eetgewoontes en die materiaal wat ons gebruik, te heroorweeg.☑ Die filosofie agter hierdie ontwerp moet ons doelwit wees – verminder afval en help om die natuurlike omgewing vir die toekomstige geslagte in stand te hou. Ons moet verantwoordelik wees en die regte keuses maak.☑ Die **Zero Waste-opwip('pop-up')-restaurant** is werklik 'n volhoubare ontwerp wat geheel en al van herwinde en herwinbare materiale gemaak is – meubels en eetgerei was ook 100% herwinbaar en deur volhoubare ikoniese Skandinawiese style geïnspireer.☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V6 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNINGS	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	6.1 + 6.2	2 + 2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		6.2	2
Middel-orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	6.1	2
			6.2	6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Vertolk	30%	6	2
	Evalueer, Besin/nadink		.	2
	Sintetiseer, Regverdig		2	2

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 100